# Hoofstuk 30

SAKE VAN DIE LEWE

DRIE VRAE (03.05.1840) HIM1.016

*1. Fouteer die Rooms-Katolieke Kerk nie daarin om die kelk van die leke te weerhou, aangesien dit in* ***Mat 26:27 sê: "Drink julle almal daaruit"?***

*2. Mag die brood aanbid word?*

*3. Moet ons volle vertroue stel in die boeke van Emanuel Swedenborg?*

1] Op dié drie vrae wat aan jou gestel is vir antwoorde, sal Ek die vraestellers drie harde antwoorde gee, omdat hulle vrae voortydig is en daardeur hulle kennis wil vergroot, **in plaas van hulle liefde vir My**, wat tog hoër staan as alle kennis. Hulle dink nie eers oor wat eerste nodig is nie. Die gawe van wysheid kom vir almal **volgens die mate van liefde tot My**, **wat die ware "brood" en die ware "kelk", of dan "My liggaam" en "My bloed" is**, waarvan al die profete getuig, van Moses af tot Johannes en van Johannes tot Emanuel Swedenborg, en al die wyses wat uit My liefde geleer is.

2] Jy sien die son in ‘n doudruppel en sê: Dit is ‘n ware beeld van die son, dit ontbreek net aan warmte. Maar Ek sê, dit is makliker om die druppel warm te maak as om 'n ware beeld van die lig van so 'n groot son daarin te plaas. Aangesien Ek laasgenoemde doen, waarom doen julle nie eers die maklike een, maar vra eerder op so ‘n dwase wyse of die brood aanbid moet word of nie? Het Ek nie al duidelik vir julle almal vertel en gewys waaruit ware aanbidding bestaan en hoe Ek en die materie verskyn nie?

3] (Op die eerste vraag:) Wat wil jou ontydige voorbarigheid nou bereik? - Weet dan wat julle wil weet, en bêre dit goed agter jul vet ore! – laat herleef julle harte en kyk na Emmaus! Toe Ek (daar) die brood breek, het die dissipels My ook herken, **sonder die kelk,** en het hulle Liefde vir My ontbrand. - Doen julle dieselfde! Geniet die brood in ware, suiwer Liefde vir My en moenie aanstoot neem teen die vorm, wat nie belangrik is nie, maar streef net na die Liefde en die Geloof wat daaruit groei! En Ek self sal vir julle die Kelk gee, gevul met die Heilige Gees, wat My bloed is.

4] Wyn in ‘n beker is 'n drank waarin hoerery woon, in die gees van alle ongeregtigheid. En jy mag nie daarna dors nie, maar slegs laat drink, sy knegte, wat 'n graf van onreinheid is, en hulle onvrugbare grond daarmee bevogtig, vanweë die verdorwenheid van hulle liefde, sodat enige vrug wat daaruit voortkom, vrygelaat kan word en bloei soos 'n sonneblom op die grafte van onreinheid.

5] Slegs die Kelk wat Ek julle gee, is die ware Een, **waar die Gees van die Waarheid en alle Lewe inwoon**! Dáárna moet julle dors!

6] (Op die tweede vraag:) Wat die brood in die avondmaal betref, dit is ’n brood uit meel gebak, soos die brood by Emmaus, en ook net materie, het geen lewe en kan geen lewe gee nie, maar is dood en gee dood.

7] Net Hy wat dit breek, seën en skenk, het lewe en kan lewe aan almal gee wat dit geniet as teken van ware liefde in lewende geloof. Want waar daar in julle ware liefde vir My is, daar is ook die gawe van die teken. Maar waar die gawe is, is die Gewer ook nie ver nie, **aan wie alleen alle aanbidding toekom.**

8] Soek dus eers liefde in My, deur vrywillig die gebooie te onderhou, dan sal die gawe julle verlig en julle sal herken, die Gewer in die gawe, brandend word van liefde vir Hom, en Sy grote Heiligheid aanbid.

9] Hê daarom eers lief, en dan sal die gawe geregverdig wees, vir julle tot 'n lamp, lewend in die brood. En eers dan sal die Gewer se seën in die gawe wees. En jy moet Sy heiligheid dan in gees en waarheid aanbid.

10] Wat **Emanuel Swedenborg** aanbetref, laat hulle (die vraestellers) probeer en kyk of hulle ook sulke dinge kan sê, sonder My wysheid!

11] Hy is deur My verwek en deur My engele gelei in al hulle wysheid, uit My, elkeen na gelang van hulle liefde. **En wat hy sê is goed en waar**.

12] Maar My Leringe en My lewende Woord, wat uit My mond tot julle uitgaan, deur die liefde in julle, is hoër as al die profete en alle wysheid van die engele! **Want die Liefde is die eerste en hoogste, daarna kom eers die wysheid**.

13] Wie derhalwe ware liefde vir My het, aan hulle sal ook Wysheid in oorvloed gegee word. Maar wie die Waarheid sonder liefde vooraf soek, sal niks anders as vind nie as misleiding, en sal 'n dubbelganger wees, en op die ou end nie weet wat werklik die regte een is nie.